



Bloed uit 'n klip

Daar is geen ruimte vir 'n BTW-verhoging nie


Inleiding

Daar is onlangs berig¹ dat die tesourie dit oorweeg om belasting op toegevoegde waarde (BTW) van 15% tot 16% of 17% te verhoog om meer inkomste te genereer ten einde die R350-toelae wat as gevolg van die pandemie ingestel is, permanent te kan betaal. Volgens die berig sal 'n verhoging in BTW 'n addisionele R24,5 miljard of R49,4 miljard inbring, afhangend van die persentasieverhoging waarop besluit word. Volgens vanjaar se nasionale begroting beloop die uitbetaling van hierdie spesifieke toelaag R44 miljard per jaar.

Haalbaarheid van 'n BTW-verhoging

BTW is in 2018 van 14% tot 15% verhoog. In 2018 se nasionale begroting was die verwagting ook, soos tans, dat hierdie verhoging sou meebring dat inkomste van R50,1 miljard meer as in die vorige jaar gelewer sou word. In werklikheid was die toename in BTW-inkomste egter slegs R26,8 miljard, oftewel 'n toename van 8,3% teenoor die vorige jaar. Die verbruikersprysindeks (VPI) vir 2017 was 6,3% en vir 2018 was dit 4%². Die toename in BTW-inkomste kan dus grotendeels aan hoër pryse toegeskryf word, aangesien dit 'n belasting is wat direk op verbruikerspryse toegepas word.

Die volgende grafiek wys die mate waartoe die tesourie jaarliks BTW-inkomste oorskot, teenoor werklike ontvangste deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID). 2021 is een uitsondering, as gevolg van hoeë inflasie en die ekonomiese herstel ná die pandemie.




Om BTW te verhoog het dus nie die gewenste uitwerking gehad nie, en verdere verhogings kan bestaande belastingbetalers aanspoor om groter pogings aan te wend om BTW te ontduiik. Tesame met hoeë koerse van persoonlike en korporatiewe inkomstebelastings sal dit ook nog meer produktiewe geld uit die ekonomie verwyder en reeds stadige ekonomiese groei verder onderdruk. Boonop strook hoeë BTW nie met die tesourie se progressiewe belastingstelsel waar mense met 'n groter inkomste hoër belastingkoerse betaal nie. Daar is geen manier waarop mense met 'n lae inkomste BTW kan vryspring nie.

¹ <https://mybroadband.co.za/news/government/508306-ramaphosa-warned-about-big-vat-increase-to-fund-grants.html>

² Februarie-syfers word gebruik om met die belastingjaar ooreen te stem.

Desondanks hierdie realiteit het die 2018-verhoging in BTW bewys dat Suid-Afrikaners reeds tot so 'n mate oorbelas is dat 'n verhoging in enige belastingkoers nie die verwagte opbrengs lewer nie. Die volgende grafiek dui die persentasie toenames in BTW-ontvangste, sowel as die inflasiekoers en BBP-groeisyfer aan. Die verwagting is dat, sou die BTW-koers dieselfde bly, ontvangste grotendeels deur ekonomiese groei en toenames in pryse bepaal sal word.



Selfs as BTW bloot as 'n persentasie van die totale belastinginkomste beskou word, was daar nie 'n beduidende toename nie, maar eerder die volhou van 'n tendens waar die belastingsamestelling grotendeels deur ander ekonomiese aanduiders bepaal word.

BTW as % van totale belastinginkomste	24,50	25,22	25,58	26,50	25,00	25,03
---------------------------------------	-------	-------	-------	-------	-------	-------

Gevolgtrekking

Die vorige verhoging in BTW het nie die verwagte opbrengs gelewer nie en daar is geen rede om te vermoed dat enige verdere verhogings 'n ander uitkoms sal hê nie. Die oplossing vir die regering se begrotingstekort lê nie in belastingbeleid nie, want die oorsaak van hierdie probleem is die gebrek aan ekonomiese groei en onoordeelkundige besteding. Die oplossing hiervoor lê eerder in groter vryheid aan die privaat sektor om sodoende die ekonomie te laat groei. Hiervoor sal verdere druk op verbruikers se besteebare inkomste rampsspoedig wees.

Die gebrek aan opbrengs uit die vorige BTW-verhoging dui daarop dat Suid-Afrikaners reeds oorbelas is en dat geen verhogings in belasting groter opbrengs sal lewer nie; intendeel, dit sal eerder belastingontduiking en ekonomiese inkrimping tot gevolg hê. Vir die ekonomie om te floreer moet so veel as moontlik private geld in omloop bly, en enige pogings om dit deur middel van belasting uit sirkulasie te neem, sal laer ekonomiese groei tot gevolg hê. Die regering se poging om bloed uit 'n klip te tap sal, soos die spreekwoord impliseer, hulle nikks in die sak bring nie. Die enigste gevolge wat ons kan verwag, is dat dit rampsspoedig vir ons reeds brose ekonomie sal wees.

Bronnelys

- Wêreldbank:
<https://data.worldbank.org/indicator/NY.GDP.MKTP.KD.ZG?end=2022&locations=ZA&start=2008>
- SAID-jaarverslae
- Sars Preliminary Revenue Outcome Booklet 2022/23: https://www.sars.gov.za/wp-content/uploads/Docs/Revenue/eBooklet_SV_Preliminary-Revenue-Outcomes-2022-2023_2.pdf
- Nasionale Begrotings
- Illidge, M. MyBroadband. *Ramaphosa warned about big VAT increase to fund grants.* <https://mybroadband.co.za/news/government/508306-ramaphosa-warned-about-big-vat-increase-to-fund-grants.html>